

# ST. MELCHIADES

10 DESEMBER

(sterf 314)



Hy staan ook bekend as Miltiades en is in Noord-Afrika gebore. Op 2 Julie 311 word hy tot pous verkies en volg hy die heilige Eusebius op. Dit was gedurende sy ampstyd dat die vervolgings van die Christene in die destydse Romeinse Ryk uiteindelik beëindig is. In dié tyd kondig keiser Konstantyn die Grote die Edik van Milaan af waarby Christene die vryheid gegun is om hul geloof te beoefen. Pous Melchiades lei die Kerk in dié oorgangstyd vanaf vervolging na vryheid. St. Augustinus skryf die volgende oor hom: “hy was ’n ware kind van Jesus Christus se vrede en waardige Vader van die Christenvolk”. Ons weet dat hy in die jaar 313 ’n sinode by die Lateraanse paleis byeengeroep het waartydens die Donatistiese kettery veroordeel is.